NUUSBRIEF / NEWSLETTER

# AUGUSTUS 2026

VRYWILLIGER WAARDERING · VOLUNTEER APPRECIATION ★



## KONTAK ONS / *Contact Us*

**Kantoor / Office**
028 754 1934

**Kombuis / Kitchen**
028 754 3489

**Die Sinkhuis**
078 020 2084

**Nood / Emergency**
072 246 7764

**WhatsApp**
071 545 8774
064 824 1185

# Wanneer 'n Gemeenskap Saamstaan

*When a Community Comes Together*

Die groot afwagting vir Jagersbosch se jaarlikse basaar is verby. Die dag het gekom en gegaan, maar wat lank sal bybly, is die ongelooflike gees van samewerking, omgee en diensbaarheid wat oral sigbaar was.

*Our annual Bazaar was about so much more than fundraising. It was a celebration of community, compassion and people serving people.*

Dit was besonders om te sien hoe vrywilligers op enige tyd van die dag bereid was om in te spring waar hulp nodig was. Daar was deurgaans 'n wonderlike spangees. Wanneer hulp gevra is, was die antwoord eenvoudig:

> *"Ons is daar."* | *"We're here to help."*

### 130 Harte. Een Doel.

*130 Hearts. One Purpose.*

Wat die dag nóg meer spesiaal gemaak het, was dat nie net Jagersbosch-lede gehelp het nie. Familie, vriende en mense uit die gemeenskap het ook hul tyd en energie afgestaan om Vrydag én Saterdag hand by te sit. Altesaam het meer as 130 vrywilligers gehelp om die basaar moontlik te maak.

*More than 130 volunteers gave their time, energy and willing hands. It was a powerful reminder of what can be achieved when a community stands together.*

Hierdie ervaring het ons weer laat besef hoe kosbaar ons vrywilligers vir Jagersbosch is. Tans het ons 175 geregistreerde en gekeurde vrywilligers op ons databasis. Elkeen van hulle is vir ons belangrik, en ons waardeer elke persoon wat op enige manier bereid is om betrokke te raak.

Soos in baie organisasies, is daar 'n kleiner groep wat deur die jaar gereeld hul tyd beskikbaar stel. Hierdie toegewyde vrywilligers is die mense wat dikwels stilweg agter die skerms werk, op kort kennisgewing inspring en week na week help om ons dienste aan die gang te hou.

*To every volunteer who quietly shows up throughout the year – thank you. Your commitment, reliability and kindness make a difference every single day.*

By Jagersbosch glo ons dat elke bydrae waardevol is. Finansiële donasies, borgskappe en skenkings maak dit vir ons moontlik om ons dienste volhoubaar te lewer. Net so is die geskenk van tyd van onskatbare waarde. Elke uur wat 'n vrywilliger gee, is 'n uur wat ons weer in dienslewering aan ons lede en gemeenskap kan belê.

*Whether you donate financially, sponsor a project, give products, share your skills or volunteer your time – every contribution helps us care for those who need us most.*

Die grootste opbrengs van ons basaar kan nie net in rande en sente gemeet word nie. Dit word gemeet in die hande wat gehelp het, die harte wat omgegee het, die lag wat gedeel is en die gemeenskap wat saamgestaan het.

*The true success of our Bazaar cannot only be measured in rands and cents, but in kindness shared, friendships strengthened and a community united by compassion.*

### Wil jy deel word van ons span?

*Would you like to join our volunteer team?*

Jy hoef nie elke week beskikbaar te wees nie. Selfs 'n uur of twee per maand kan 'n groot verskil maak. Daar is 'n plek vir elkeen wat 'n hart het om te dien.

*You don't have to commit every week. Even a few hours a month can make a meaningful difference. If you would like to become part of the Jagersbosch family, we would love to hear from you.*

**028 754 1934 · coordinator@jagersbosch.org.za**

**Saam maak ons Jagersbosch én Stilbaai 'n wenspan.**

*Together we make Jagersbosch and Stilbaai a winning team.*

Aan elke persoon wat voor, tydens en ná die basaar gehelp het – en aan elke vrywilliger wat deur die jaar sy of haar tyd gee – baie dankie. Julle is die hart van Jagersbosch.

*To every volunteer, donor, sponsor and supporter: thank you for making hope visible through your generosity. You are the heart of Jagersbosch.*

# Boodskap van die Bestuurder

*Manager's Message*

Liewe Jagersbosch-familie,

Terwyl ons terugkyk op die afgelope maand, is my hart gevul met opregte dankbaarheid. Ons jaarlikse basaar was weereens 'n besondere bewys van wat moontlik is wanneer 'n gemeenskap saamstaan.

Aan elke vrywilliger wat ure van hul tyd afgestaan het, elke donateur wat ruim bygedra het, ons personeel wat onverpoos gewerk het, die uitstallers, borge, en elke besoeker wat gekom het om ons te ondersteun – baie, baie dankie. Julle elkeen het 'n aandeel gehad in die sukses van die dag. Sonder julle sou dit eenvoudig nie moontlik gewees het nie.

Augustus herinner ons ook aan Vrouedag. Ons bring graag hulde aan al die besonderse vroue wat daagliks met liefde, geduld en deernis hul gesinne, gemeenskappe en dikwels ook ons inwoners en lede ondersteun. Julle is die stille krag agter soveel omgee. Mag elke vrou hierdie maand weet dat sy waardeer en raakgesien word.

Augustus is ook 'n goeie geleentheid om weer te onthou hoe belangrik ons gesondheid is. Gesonde veroudering gaan nie net oor medisyne nie, maar ook oor beweging, goeie voeding, sosiale kontak en om ons brein aktief te hou. Selfs klein, daaglikse gewoontes kan 'n groot verskil maak aan ons lewenskwaliteit en onafhanklikheid.

Daarom wil ek elkeen uitnooi om deel te wees van die aktiwiteite wat by die Waenhuis aangebied word. Of dit nou die interessante praatjies, oefensessies, Werd om te Leef, die Alzheimer-ondersteuningsgroep of enige van ons ander aktiwiteite is – daar is altyd 'n plek waar nuwe vriende gemaak, kennis gedeel en lewens verryk word. Moenie wag vir die "regte tyd" nie; kom kuier saam.

Jagersbosch is meer as net 'n organisasie. Dit is 'n gemeenskap waar mense omgee vir mekaar. Elke lid, elke donasie, elke uur se vrywillige diens en elke gebed help ons om hierdie werk voort te sit. Dankie dat u deel is van hierdie besondere familie.

Mag Augustus vir elkeen 'n maand van hoop, gesondheid en mooi ontmoetings wees.

Vriendelike groete,
**Adéle Redelinghuys**
Bestuurder · Jagersbosch Gemeenskapsorg

✦ ✦ ✦

*Dear Jagersbosch family,*

*As we look back on the past month, my heart is filled with sincere gratitude. Our annual bazaar was once again a remarkable demonstration of what is possible when a community comes together.*

*To every volunteer who gave hours of their time, every donor who contributed generously, our staff who worked tirelessly, the exhibitors, sponsors, and every visitor who came to support us – thank you, thank you so much. Each of you played a part in the success of the day. Without you, it simply would not have been possible.*

*August also reminds us of Women's Day. We gladly pay tribute to all the remarkable women who, day after day, support their families, communities, and often also our residents and members with love, patience and compassion. You are the quiet strength behind so much care. May every woman know this month that she is valued and seen.*

*August is also a good opportunity to remember once again how important our health is. Healthy ageing is not just about medicine, but also about movement, good nutrition, social contact, and keeping our minds active. Even small, daily habits can make a big difference to our quality of life and independence.*

*That is why I want to invite everyone to be part of the activities offered at the Waenhuis. Whether it is the interesting talks, exercise sessions, Worthy of Life, the Alzheimer's Support Group, or any of our other activities – there is always a place where new friends are made, knowledge is shared and lives are enriched. Don't wait for the "right time"; come and join us.*

*Jagersbosch is more than just an organisation. It is a community where people care for one another. Every member, every donation, every hour of volunteer service and every prayer helps us continue this work. Thank you for being part of this special family.*

*May August be a month of hope, health and beautiful encounters for everyone.*

*Kind regards,*
**Adéle Redelinghuys**
*Manager · Jagersbosch Gemeenskapsorg*

## VRAAG VAN DIE MAAND

*Question of the Month*

"

*Wie is die vrywilliger wat vir jou die grootste verskil gemaak het, en hoekom?*

*Which volunteer has made the biggest difference in your life, and why?*

# Gesondheid & Welstand

*Health & Wellness*

## Gesondheidspraatjie: Mondhigiëne

*Health Talk: Oral Hygiene*

**Spreker / Speaker: Dr. Faan Hechter, Afgetrede Tandarts / Retired Dentist**

**Dinsdag, 11 Augustus @ 10:00 · Die Waenhuis**

Die tandarts, Dr. Faan Hechter, bied 'n praatjie aan oor "Mondhigiëne vir voorkoming van siektes" – hoe algemene mondhigiëne 'n mens se gesondheid beïnvloed, van Alzheimer se siekte tot hart- en longsiektes soos longontsteking, diabetes en inflammasie, net om 'n paar te noem. Moet dit nie misloop nie! Gratis toegang, verversings en geskenkies. Bespreek asseblief by die kantoor (slegs vir spysenieringsdoeleindes) indien u dit wil bywoon, al dan nie.

*Dentist Dr. Faan Hechter will present a talk on "Oral hygiene for the prevention of diseases" – how common oral hygiene affects a person's health, from Alzheimer's disease to heart and lung diseases such as pneumonia, diabetes and inflammation, just to name a few. Don't miss it! Free entry, refreshments and gifts. Please book with the office (for catering purposes only) whether or not you plan to attend.*




## Augustus Datums & Gesondheidsdae van Belang */ August Dates & Health Days of Note*

| | |
|---|---|
| **1–7 Aug** | Wêreld Borsvoedingsweek<br>*World Breastfeeding Week* |
| **8 Aug** | Galjoen Derby<br>*Galjoen Derby* |
| **9 Aug** | Nasionale Vrouedag *(vakansiedag waargeneem Ma 10 Aug)*<br>*National Women's Day (holiday observed Mon 10 Aug)* |
| **11 Aug** | Mondhigiëne-praatjie · Dr. Faan Hechter, 10:00 Waenhuis<br>*Oral hygiene talk · Dr. Faan Hechter, 10:00 Waenhuis* |
| **19 Aug** | Wêreld Humanitêre Dag *– 'n eer aan al ons vrywilligers*<br>*World Humanitarian Day – in honour of all our volunteers* |
| **Augustus** | Nasionale Immunisasie-bewustheidsmaand<br>*National Immunization Awareness Month* |
| **31 Aug** | Internasionale Oordosis-bewustheidsdag<br>*International Overdose Awareness Day* |

## Gereelde Aktiwiteite */ Regular Activities*

**Pilates**

*Elke Woensdag @ 11:00 · Bespreking noodsaaklik*

*Every Wednesday @ 11:00 · Booking essential*

**Waardig om te Leef Groep · *Worthy of Life Group***

*Eerste Dinsdag van elke maand @ 10:00 · First Tuesday of each month*

**Alzheimer Ondersteuningsgroep · *Alzheimer's Support Group***

*Eerste Dinsdag van elke maand @ 14:30 · First Tuesday of each month*

# Vrywilliger in die Kollig

*Volunteer Spotlight*

## Die Gawe van Tyd, Waardigheid en Omgee */ The Gift of Time, Dignity and Care*

*B4U-program terugvoer · B4U Programme Feedback*

Om my 92-jarige moeder met gevorderde demensie te versorg, was een van die mees uitdagende tye van my lewe. As haar primêre versorger het my lewe om haar behoeftes gedraai, en soos soveel ander versorgers het ek dikwels alleen en oorweldig gevoel. Toe die vrywilligers van Jagersbosch Gemeenskapsorgsentrum se B4U-program deel van ons lewens geword het, het hulle warmte, geselskap en waardigheid in ons huis ingebring en my moeder met liefde en respek behandel.

*For me, their greatest gift was peace of mind. Knowing my mother was in caring hands allowed me to attend to everyday responsibilities and return refreshed, while reminding me that I did not have to carry the burden of caregiving alone. Their compassion showed the difference a caring community can make during life's most difficult moments.*

As jy vir iemand met demensie sorg, moenie wag totdat jy uitgeput is voordat jy hulp aanvaar nie. En as jy tyd het om te gee, oorweeg dit om 'n B4U-vrywilliger te word. Jou tyd kan hoop, waardigheid en bemoediging bring aan iemand met demensie én aan die familie wat saam met hulle hierdie pad stap. Selfs wanneer herinneringe vervaag, bly vriendelikheid vir altyd.

*"Dankie vir jou hulp met kos aflewering. Groooot… plesier. Ek doen dit omdat dit my goed laat voel."*

*"Thank you for your help with food deliveries." — "Suuuch a pleasure. I do it because it makes me feel good."*

**— B4U Vrywilliger / B4U Volunteer**

*"Ek het altwee my polse gebreek en kon nie bestuur nie. Die B4U-groep het my gehelp met die nodige rondry. Nou is dit my beurt om terug te gee. Wie van ons het nie soms 'n buddy nodig nie?"*

*"I broke both my wrists and couldn't drive. The B4U group helped me with the transport I needed. Now it's my turn to give back. Who among us doesn't sometimes need a buddy?"*

**— B4U Vrywilliger / B4U Volunteer**

*"Tannie R is dierbaar, sy is so dankbaar vir elke klein dingetjie wat ek vir haar doen. Die waarde van B4U kan nooit werklik gemeet word nie, want hoe meet mens die waarde van 'n persoon se siel?"*

*"Auntie R is precious; she is so grateful for every little thing I do for her. The value of B4U can never truly be measured, because how does one measure the worth of a person's soul?"*

**— B4U Vrywilliger / B4U Volunteer**

*"Ek wil net deel hoeveel vreugde dit vir my bring om die groot glimlag en vonkel in hul oë te sien as hulle die deur oopmaak. Bou so voort asseblief."*

*"I just want to share how much joy it brings me to see the big smile and sparkle in their eyes when they open the door. Please keep up the good work."*

**— B4U Vrywilliger / B4U Volunteer**




*Die Kwikkies-tafel by die Basaar · The Kwikkies table at the Bazaar*

By die Kwikkies-tafel was daar 'n stalletjie propvol kleur, sorg en trots. Elke gebreide trui, elke voorskoot met 'n handafdruk, elke sagte kussing is met liefde en toewyding gemaak deur lede van ons gemeenskap wat leef met een of ander vorm van gestremdheid. Hulle bewys elke dag dat vermoë nie deur gestremdheid bepaal word nie – dit word bepaal deur die hart, die geduld en die vaardige hande waarmee hulle werk. Die Kwikkies se tafel by die basaar was nie net 'n verkoopspunt nie; dit was 'n viering van talent, deursettingsvermoë en die waardigheid van werk goed gedoen. Dankie, Kwikkies, dat julle vir ons almal wys wat werklik moontlik is.

*The Kwikkies table was a stall bursting with colour, care and pride. Every knitted jersey, every handprint apron, every soft cushion was made with love and dedication by members of our community who live with a disability of one kind or another. Every day, they prove that ability isn't defined by disability — it's defined by the heart, the patience and the skilful hands behind the work. The Kwikkies table at the bazaar wasn't just a point of sale; it was a celebration of talent, perseverance and the dignity of work well done. Thank you, Kwikkies, for showing all of us what is truly possible.*

# Breingim & Inspirasie

*Brain Gym & Inspiration*

## Breingim · Brain Gym

*Hou die koutjies aan die rol! · Keep the gears turning!*

### Vrywilliger Woord-Roekel

*Volunteer Word Scramble*

*Can you unscramble these volunteer-themed words?*

1. **EMIT** ➔ ____________________
2. **VEGI** ➔ ____________________
3. **RAETH** ➔ ____________________
4. **SDANH** ➔ ____________________

**Bonus:** *Which of these words best sums up what every volunteer gives most of?*

### Raaisel

*Riddle Me This*

*I ask for nothing, but give so much,*
*I wear no cape, yet I'm often called a hero.*
*You'll find me at the door, the table, the till —*
*Never paid, but never keeping score.*

**Wat is ek? / What am I?**

✦ UIT DIE SKRIF · FROM SCRIPTURE ✦

*"Kyk hoe goed en hoe mooi is dit as broers eensgesind saam woon."*

*"Behold, how good and how pleasant it is for brethren to dwell together in unity!"*

**Psalm 133:1**

✦ WOORD VAN WYSHEID · WORDS OF WISDOM ✦

*"Die beste manier om jouself te vind, is om jouself te verloor in diens van ander."*

*"The best way to find yourself is to lose yourself in the service of others."*

**— Mahatma Gandhi**

*Aan elke vrywilliger, elke handjie wat help, elke oomblik wat geskenk word — julle is die hart van Jagersbosch. Mag Augustus vir julle 'n maand van erkenning, rus en vreugde wees. Dankie dat julle omgee.*

*To every volunteer, every helping hand, every moment given — you are the heart of Jagersbosch. May August be a month of recognition, rest and joy for you. Thank you for caring.*

**BANKBESONDERHEDE** */ Banking Details*

| BANK | REK. NR. / ACCOUNT NO. | TAK / BRANCH |
|---|---|---|
| ABSA | 4050649589 | 334-613 |

*Verwysing asseblief: Naam en rede · Reference please: Name and reason*

✦ ANTWOORDE · ANSWERS ✦

**Woord-roekel / Word Scramble:** 1. Time · 2. Give · 3. Heart · 4. Hands | **Bonus:** Time | **Raaisel / Riddle:** 'n Vrywilliger / A Volunteer